# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 2 Junie 1995 Vol. 5

# TOEKOMSPEILINGS VIR DIE KERK

## Aanpas of reformeer?

In elke nuwe tydsgewrig moet die kerk van die Here vir homself uitmaak hoe hy die nuwe situasie tegemoet gaan. Die nuwe Suid-Afrika vereis dus ook van ons as Gereformeerdes opnuut besinning: waarheen wil ons, waarheen moet ons binne die nuwe omstandighede wat vir ons voorlê?

Vanuit die moderne wetenskap word daar aan ons 'n nuwe manier aanbeveel hoe om elke nuwe situasie te benader, naamlik deur toekomsstudies. Daar het selfs 'n vakgebied tot stand gekom wat as "Toekomsstudies" bekend staan wat, om dit eenvoudig te stel, daarop uit is om vanuit die hede bepaalde projeksies vir die toekoms te maak en daarvolgens vir die toekoms te beplan. Die jongste tendens is nou dat die kerk ook vanuit sulke toekomsprojeksies moet beplan hoe om in die nuwe Suid-Afrika te oorleef.

Natuurlik is beplanning vir die toekoms nodig. Natuurlik moet 'n mens projeksies vir die toekoms maak wanneer jy beplan. Die Here Jesus self verwys daarna dat iemand wat 'n toring wil bou, eers moet gaan sit en die koste bereken (Luk 14:28). Daarom is dit gewoonlik ook die praktyk by kerke om finansiële begrotings op te stel.

## Blote oorlewing in die toekoms?

Maar die toekomsstudies waarvan ons praat, wil verder as dit gaan. Dit is byna of daar by hierdie benadering 'n fatalistiese aanvaarding van die toekomsverwagtings bestaan. Die verandering wat in vooruitskouing gestel word, word voorgestel of dit nou eenmaal (onafwendbaar) daar is, en dat die mens slegs 'n keuse het hoe om by die verandering in te pas. Wil jy nie 'n keuse maak nie, val jy uit die bus uit, bly jy agter en raak jy irrelevant. Maak jy 'n keuse en boonop die regte keuse, dan kan jy oorleef deur in pas met die toekoms te bly, en is jy steeds aktueel in die veranderde omgewing. Die toekomsstudies bied vir die mens bepaalde projeksies vir die toekoms, ten einde die keuses makliker te maak.

Vir die kerke kom dit daarop neer dat 'n sekere situasie in verband met die toekoms geskets word, wat dan as "die feite op die tafel" voorgehou word. Om in die vooruitgesiene situasie te kan oorleef, móét die kerk dan vir bepaalde veranderinge kies. Die boodskap is duidelik: die "feite" op tafel verplig die kerk om nuwe bedieningspatrone te aanvaar en nuwe strategieë uit te werk. Ook die GKSA spring hierdie tendens nie vry nie. Die GKSA kan hom nie volstruisblind hou vir die feite nie, word gesê, en moet aanpas of ondergaan!

Kan die GKSA met hierdie denkpatroon saamgaan?

## Nee, roepingsgetrou en Skrifgebonde vorentoe

Hierbo het ons aangetoon dat toekomsverwagtings en beplanning vir die toekoms bepaald sy plek het, ook in die bestaan van die kerk. Maar die kerk beplan en kyk vorentoe terwyl hy altyd getrou aan sy wese en gehoorsaam aan sy roeping bly. Dit wil sê dat die taak van die kerk in elke nuwe situasie nie deur die situasie bepaal word nie, maar steeds deur die opdraggewer van die kerk, deur Jesus Christus. Sy opdrag vind ons nêrens elders as in sy Woord nie.

Dink maar aan die toekomspeiling wat die apostel Paulus in sy tweede brief aan Timoteus uitspel. Hy skryf (2 Tim 4:3): "Daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels." En wat is Paulus se advies aan die kerk te midde van so 'n verwagte situasie? Dat hulle

### *In hierdie uitgawe:*


- ★ Toekomspeilings vir die kerk ........ 1
- ★ Skrifoordenking ........ 3
- ★ Die Stiefamp: Diakenamp: Huidige praktyk en ideaal.... 5
- ★ Godsverwarring (3) ........ 6
- ★ Die Katolisiteit van die Kerk ........ 7
- ★ Jesus en die Psalms: Salig is die sagmoediges ........ 9
- ★ Boekresensie: Die Bybel in praktyk ........ 9
- ★ Gereformeerde Persvereniging Veritas... 12

op 'n slim manier by die fabelgierigheid van die mense moet aanpas? Dat hulle die strategie moet volg om die evangelie so in te klee dat dit mense in hulle gehoor sal streel? Hoegenaamd nie! Hy skryf in vers 5: "Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening." In vers 3:14 skryf hy: "Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het ...". En dan, in vers 16, stel hy aan Timoteus die Skrif voor oë, waaruit die kerk moet leer, weerlê, teregwys en onderrig.

## Geweeg, geweeg, te lig bevind?

In aansluiting hierby moet ons, met die nodige onderskeidingsvermoë (Filipp. 1:10), die strategieë wat "ter wille van oorlewing" aan die kerk van die toekoms voorgehou word, beoordeel. Bring dit ons nader aan ons Godgegewe roeping of lei dit ons daarvan weg? Is dit getrou aan die eise van die Skrif, of volg dit die eise van die fabelgierige en genotsugtige mens?

Weeg maar hieraan die talle populêre gemeentebouprogramme van ons tyd. In hoeveel gevalle word die taak van die kerk nie meer primêr deur die Woord bepaal nie, maar deur die omgewing? In hoeveel gevalle word die klem al meer van Christus af verskuif na die besinning oor die kerk? Tereg is al gesê dat Gods-diens nou verklein word tot kerk-diens. En van ongebalanseerde klem op kerkdiens, is dit maar 'n halwe tree na die klem op die kerk-in-die-wêreld, tot so 'n mate dat die unieke van die kerk dreig om verlore te gaan. Eers skuif die fokus vanaf Christus na die kerk; dan vanaf die kerk na die wêreld.

Die basiese probleem van kerklike beheptheid met toekomsprojeksies, is dat die kerke kort voor lank sulke projeksies as "feite" aanvaar en selfs as uitgangspunt neem. Uiteindelik is die belangrikste vraag waarmee die kerk hom dan besig hou: Hoe kan ons binne die nuwe omgewing (wat die toekomsstudies aan ons openbaar) relevant bly? Hierdie vraag lei dan logies tot die gevolgtrekking: As die kerk enigsins relevant wil bly, moet hy self verander en moet ook sy optrede verander.

Ook die volgende stap is dan vanselfsprekend: Alles word in die stryd gewerp om net maar relevant te bly in die veranderde omgewing. Kursusse van bestuurskole word bygewoon, strategieë en tegnieke van sake-ondernemings word oorgeneem. En, o ja, omdat ons gereformeerd is, moet ons darem gaan kyk na wat die Bybel sê. Daarom word, met hierdie stel toekoms-"feite" na die Skrif gegaan en gevra: Wat sê die Bybel oor hoe die kerk relevant kan bly in 'n nuwe omgewing? Ongeag of dit 'n geldige vraag is, ongeag of die Skrif 'n antwoord op die vraag (wil) bied. Die gevolg is dat die (geprojekteerde) situasie meer en meer die eksegese beïnvloed, en nie andersom nie. Om toekomsstudies as basis vir jou eksegese te neem, is 'n baie gevaarlike eksperiment.

## Maar julle, wat sê julle....?

Een saak mag nie uit die oog verloor word nie, naamlik die belangrikheid daarvan om te bely. Belangrik soos die kerk se omstandighede, ook toekomstige omstandighede, ookal mag wees, is die heel belangrikste wat die kerk van God en voor God bely. Jesus vra aan sy dissipels: "Maar julle, wie sê julle is Ek ?" (Matt. 16:15). Hy eis van hulle dat hulle Hom reg sal bely, ongeag hulle omstandighede. Aan die kerk in Pergamus laat weet Jesus: "Ek ken die plek waar jy woon, waar die troon van Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie ... " (Openb. 2:13). Wat jy bely, is belangriker as waar jy bly.

Ons mag nooit uit die oog verloor dat die kerk nie die taak het om "relevant" of "in tel" te wees by die wêreld nie. Die taak van die kerk is om die algehele Koningskap van Jesus Christus te bely. Daarom moet 'n hele paar dinge in die huidige denkpatroon omgekeer word:

★ Die belangrike saak is nie om te weet hoe die kerk gaan aanpas by die nuwe situasie nie, maar om te weet of die kerk binne die nuwe situasie nog bely, met woord en daad, en God erken soos Hy erken wil word - as soewerein oor sy hele skepping.
★ Die belangrike saak is nie om "die kerk" aktueel of relevant te maak nie - 'n kerk wat lewend Jesus Christus bely is immers relevant en uiters aktueel vir die wêreld, selfs al ignoreer die wêreld dit.
★ Die belangrike vraag is nie hoe die nood van die wêreld verlig word nie, maar wat die gelowige se rol in Christus se handeling met sy wêreld is.
★ Die vraag is nie of die kerk 'n waardige rolspeler is nie (selfs in watter mate die kerk betrokke moet wees by heropbou programme nie), maar of die kerk van Christus opgebou word volgens die dienste soos Christus dit ingestel het.

Sodoende vermy die kerk die gevaar dat hy 'n handperd word (of bly?) van die heersende modegiere. Die kerk het sy eie rol. Die koningskap, profeet- en priesterskap mag nie deur die nuwe konteks of situasie ingevul word nie, maar word immer deur die Woord van God bepaal.

## Nie aanpas nie, maar reformeer

Om saam te vat: Die GKSA behoort nie voortdurend by nuwe situasies aan te pas nie, maar moet altyd aanpas by die eise van die Woord van God. Dit wil sê: die GKSA moet immer bereid wees om te reformeer deur gelowig na die Woord van God te luister. Aanpas óf reformeer - die twee is nie dieselfde nie.

Aanpassing kan selfs die opponent van reformasie word as dit die nuwe situasie as uitgangspunt begin neem. Want dan lei aanpassing daartoe dat die kerke al hoe meer soos die wêreld begin lyk. Die gevolg is dat die kerke al hoe meer van hul basiese opdrag begin afstand doen, en betrokke begin raak by die agenda wat die wêreld opstel. Die kerk word dan selfs gedegradeer tot 'n mede-rolspeler in die uitvoering van bepaalde politieke programme, in ruil waarvoor dan sekere konsessies, soos oor aborsie en dobbelary, op aandrang van die kerk oorweeg word. Die uiteinde

is dat die kerke (o.m. die GKSA) niks meer as 'n drukgroep word nie, wat ook maar net sy demokratiese stem wil laat hoor in die nuwe omgewing van die toekoms. Die lewende verkondiging van die Woord moet uiteindelik maar tevrede wees om tweede viool te speel.

Nee, aanpassing is nie die aangewese weg nie, maar reformasie. Reformasie van die kerk, maar óók reformasie van die samelewing. 'n Samelewing word hervorm wanneer die onvervalste Woord van God verkondig word, en waar daar ondubbelsinnig onder die Koninklike hand van Jesus Christus gebuig word. Reformasie begin by die kerke. Reformasie begin by die ampte. Wanneer die amp van die gelowige volledig tot sy reg kom, lei dit tot reformasie van die kerk, en dan sal die reformasie van die samelewing nie uitbly nie. Inteendeel, dit is die reformasie van die samelewing.

Die GKSA sal relevant wees solank ons bly by die belydenis oor wie Jesus Christus is. Dit is Christus se kerk, dit is Christus se wêreld. Ons moet diensbaar wees aan wat Hy, en nie een of ander drukgroep nie, met sy kerk in die wêreld wil doen. Ons optrede in die volgende dekade gaan wys wat ons bely aangaande Jesus Christus, die Seun van die mens.

A.L.A. Buys

★★★★★

*Skrifoordenking:*

# Die gesuis van 'n sagte koelte

## 1 Konings 19:12 : "En na die vuur was daar die gesuis van 'n sagte koelte."

As profeet van die Here het Elia oor baie jare heen God se teenwoordigheid en sy Goddelike krag en almag by verskeie geleenthede beleef.
★ By die spruit Krit het hy gesien hoe die kraaie op God se bevel vir hom kos aandra (1 Kon. 17:4).
★ By Sarfat was die weduwee wie se meel nie opgeraak en kruik nie leeg geraak het nie 'n verdere bewys van die wonderkrag van God (1 Kon. 17:14).
★ En toe God die weduwee se seun uit die dood teruggebring het, het Elia gesien dat God ook oor lewe en dood mag het (1 Kon. 17:22).
★ Seker die skouspelagtigste magsvertoon wat Elia gesien het, was op die berg Karmel, waar God voor die oë van die hele volk op Elia se bevel vuur uit die hemel gestuur het om die offer en die hele altaar te verteer (1 Kon. 18). Uit Elia se optrede was dit ook duidelik dat hy 'n onwrikbare vertroue in die Here en in sy Goddelike almag gehad het.

### Geloofsvervolging

Toe het daar 'n nuwe krisis in Elia se lewe opgeduik. Koning Agab en sy bose vrou Isebel was woedend omdat Elia die profete van Baäl op Karmel doodgemaak het. Uit weerwraak het hulle met 'n uitgebreide geloofsvervolging in Israel begin. Hulle het die profete van God een na die ander doodgemaak (1 Kon. 19:1,10). Heel moontlik het Elia die eerste stadiums van hierdie vervolging met geloofsmoed deurstaan, vol vertroue dat God met sy wonderkrag sou ingryp, die bose sou uitdelg en sake weer op orde sou stel. Maar niks van dié aard het gebeur nie. Op die ou einde het dit vir Elia gelyk of hy alleen oorgebly het. Hy moes vlug vir sy lewe.

So het Elia in die woestyn beland. Daar het hy, moedeloos van teleurstelling, onder 'n besembos gaan lê en gewens hy gaan liewer dood. Want sonder die kragtige bystand van God sien hy nie kans om aan te gaan nie.

Maar God het Elia nie vergeet of verlaat nie. Trouens, Hy was besig om Elia se geloof te louter. Hy wou Elia tot 'n bepaalde insig bring oor hoe God sy krag in die lewens van mense en in die geskiedenis laat deurwerk. Daarom lei Hy Elia na Horeb toe, die berg van God.

### Wat maak jy hier...

En daar by Horeb verbreek God die swye. Hy vra 'n eenvoudige vraag: "Wat maak jy hier, Elia?" Natuurlik het God geweet wat Elia daar gemaak het. Hy weet immers alles. Maar Hy vra die vraag om Elia tot selfondersoek te bring. Elia moes homself afvra waarom hy vlug, waarom hy homself liewer dood wens, waarom hy dink dat God hom in die steek gelaat het. Maar Elia besef nie die aard van die vraag nie en daarom antwoord hy: "Ek het baie geywer vir die HERE, die God van die leërskare; want die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood, sodat ek alleen oorgebly het .. " (v.10). In Elia se antwoord hoor 'n mens 'n ondertoon van beskuldiging. Dit is asof hy sê: Ek kan nie meer my werk doen nie, want U ondersteun my nie met u wonderkrag nie!

### Verkeerde verwagtings

Hierop het God geantwoord. Nie met woorde nie maar met 'n visioen, 'n gesig wat Hy Elia laat sien het. En dié gesig sê baie meer as wat woorde sê. Dit was 'n gesig waarin die Here verbygegaan het, waarin Hy Homself as die almagtige God vertoon het. In hierdie gesig het die Here aan Elia geleer dat hy verkeerde verwagtings van die krag van die Here gekoester het.

★ Want eers het die Here 'n groot en sterk wind laat verbygaan wat die berge geskeur en die rotse gebreek het. Dit was mos waarna Elia op soek was: 'n magsvertoon van die Here. Maar in die wind was die Here nie. So staan dit uitdruklik geskrywe in vers 11.
★ Ná die wind het die Here 'n nog groter skouspel laat verbygaan: 'n aardbewing. Ook in die aardbewing was die Here nie.
★ En na die aardbewing 'n krag wat verteer en verwoes: 'n groot vuur. In die vuur was die Here ook nie. En dan - heeltemal in teenstelling met al hierdie kragtige skouspele - stuur die Here die gesuis van 'n sagte koelte. Die 1983-vertaling praat van " 'n

fluistering in die windstilte".

In die gesuis van die sagte koelte, dáárin het die Here sy teenwoordigheid geopenbaar. Al staan dit nie in soveel woorde hier geskryf nie, is dit duidelik uit die feit dat Elia, toe hy die gesuis van die sagte koelte hoor, sy gesig met sy mantel toegedraai het (v.13). Waarom het hy dit gedoen? Omdat hy besef het dat hy nou in die teenwoordigheid van die almagtige God staan - en niemand kan God sien en bly leef nie (Exod. 33:20).

God het sy teenwoordigheid in die gesuis van 'n sagte koelte geopenbaar. Wat sou die betekenis daarvan wees? Daarmee sê God: Moenie my krag en almagtige dade net in skouspelagtige dinge soek nie. God se krag bestaan nie daarin dat Hy so nou en dan met 'n wonderwerk in ons lewens ingryp nie. Sy krag werk gewoonlik anders - soos die gesuis van 'n sagte koelte. Dit wil sê: in die alledaagse gebeure wat dikwels ongemerk by ons verbygaan, in die rustige stille gang van sake. Die grootsheid van God se krag lê juis daarin dat 'n mens die werking daarvan nie sommer raaksien nie - soos die gesuis van 'n sagte koelte.

## Die wonder van die geloof

Elia moes daarom nie dink dat God afwesig is of sy krag teruggetrek het omdat daar geen kragtige tekens uit die hemel kom nie. Sonder dat Elia dit raakgesien het, het God steeds gewerk, en boonop met groot, onoortreflike krag. Want kyk, in die stilligheid hét God gesorg dat daar nog seweduisend in Israel oorgebly het wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie (v.18). Ja, dít moes Elia leer: Dat God met onweerstaanbare krag die grootste van alle wonders in die mens laat gebeur: die wonder van die geloof - sonder dat die blote oog dit kan raaksien!

Wat God daar op Horeb aan Elia geopenbaar het, spreek tot die gelowiges van alle tye, ook tot ons. Die wedergeboorte van die kinders van God vind gewoonlik nie plaas met groot tekens uit die hemel nie maar stilweg en ongemerk, soos die gesuis van 'n sagte koelte. So het dit met die meeste van ons gebeur: in die kalme en rustige opvoeding aan moedersknie, by die gereelde huisgodsdiens, by die katkisasie, by die volgehoue luister na sy Woord, het Hy die belofte van sy verbond in ons laat waar word: Hy het ons wederbaar om sy kinders te wees.

In die kerk van die Here moet die wonderkrag van die Heilige Gees dus nie gesoek word in die opspraakwekkende dinge nie, maar juis in die volgehoue suiwere verkondiging van sy Woord, in die gereelde en behoorlike onderhouding van sy sakramente, en in die liefdevolle handhawing van sy tug. Nie een hiervan is sensasioneel nie. Nie een hiervan sal ooit hoofopskrif in die koerante wees nie. Maar dit is die gesuis van die sagte koelte waarin God sy groot krag vertoon.

As ons die Bybel in geheel beskou, sien ons dat die heel grootste wonder van alle tye wat God in die geskiedenis laat gebeur het, alles behalwe 'n sensasie was. Dié wonder het nederig begin in 'n stal in Bethlehem. Hy het grootgeword in die huis van 'n timmerman in Nasaret (hoe alledaags!). Hy het nie in hoë kringe beweeg nie maar was in die geselskap van vissermanne, hoere en tollenaars. Uiteindelik het Hy die veragte dood van 'n misdadiger gesterf - aan die kruis op Golgota. Hy was Jesus Christus, die Koning van alle konings, maar tog sê God oor Hom in Jesaja 53: "Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad dat ons Hom sou aansien nie."

Dit was hierdie nederige Jesus Christus wat stilweg en ongemerk die onmoontlike vir die mens vermag het: om die volkome geregtigheid van God se wet te vervul. Bowendien het Hy gedoen wat geen mens ooit kon of kan doen nie: Hy het die las van die vloek en die toorn oor die sonde van die hele mensdom gedra. En toe Hy op die derde dag na sy dood die absoluut onmoontlike vermag het, naamlik om uit die dood op te staan, het Hy daarvan 'n sensasionele skouspel gemaak? Nee, daar was nie eens één mens teenwoordig om dit te aanskou nie!

Dit was wat God daar op die berg Horeb bekend gemaak het: In sy Goddelike krag bewerk Hy grootse wonders wat ons lewens en die ganse wêreldgeskiedenis dra en stuur - dikwels sonder dat die mens dit eens raaksien, soos die gesuis van 'n sagte koelte.

## Moedeloos

Die gesig wat Hy Elia laat sien het, is 'n boodskap van troos en aansporing aan elkeen wat moedeloos word omdat hy so min tekens van die krag van God in sy lewe sien. In jou stryd vir die gereformeerde waarheid mag jy soms voel of dit 'n verlore stryd is, asof God jou nie met sy krag bystaan nie, asof jy vingeralleen staan. Jy mag miskien in moedeloosheid voel dat dit beter is om alles net so te los en weg te vlug; jy mag selfs wens jy was liewer dood!

Maar God sê vir jou: Draai om, gaan terug! Doen wat Ek jou gegee het om te doen. Vervul jou roeping. Doen dit terwyl jy weet: God sal jou nooit verlaat of begewe nie. Hy is by jou en in Goddelike krag dra Hy jou en stuur Hy jou lewe, selfs al kan jy nie enige teken daarvan raaksien nie. Hy doen dit soos die gesuis van 'n sagte koelte. Ja waarlik, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie. Die Here is jou Bewaarder. Die Here is jou skaduwee aan jou regterhand (Psalm 121).

Prof. G.J.C. Jordaan

★★★★★

# Die Stiefamp

## *Diakenamp: Huidige praktyk en ideaal*

### (Lesing gelewer op 'n GTV vergadering op Ermelo, Maart 1995)

Indien 'n mens sou dink om iets te skryf met betrekking tot die amp van die diaken, kom die vraag na vore: wat kan nog meer gesê word oor hierdie onderwerp? Velerlei konferensies en seminare is gehou - lesings, wat jou aan die hart gryp, is gelewer - die diakens kom gemotiveerd en besield terug. Menige boek het al die lig gesien, male sonder tal het artikels verskyn, kerkblaaie en ander tydskrifte is vol daarvan. Op kerkrade en meerdere vergaderings is daaroor gepraat en besluite is geneem. 'n Hersiene bevestigingsformulier het ook al die lig gesien. In kort: 'n magdom van gegewens kan vergader word.

### Selfstandige of stiefamp ?

Maar die vraag bly steeds: wat nou? Funksioneer die amp van die diaken na wense? Kom die diakenamp tot sy reg as selfstandige amp in die kerk van Jesus Christus? Moet ons nie maar wat gesê en geskryf is opsy stoot nie, daarvan vergeet en weer opnuut begin vrae vra, soos:

★ Is 'n nuwe siening van die diakenamp op Skrifgronde noodsaaklik?
★ Wanneer kom die diakenamp dan in rat?
★ Is die diakenamp dan die stiefamp in die Gereformeerde Kerke?
★ Moet die diaken nie maar weer die kerklike bydraes begin opneem nie - immers dan het hulle tog iets om te doen?
★ Het die sin en unieke van die diakenamp dan verdwyn?
★ Het Jesus Christus, die Hoof van die Kerk, dan iets gewil in sy kerk, 'n amp ingestel, wat nou blyk uitgedien te wees?

Die laaste vraag word goed deur prof. J.C. Coetzee geantwoord: "Nee. Ons het 'n amp - een uit net drie - 'n barmhartigheidsdiens - of nog beter gestel - 'n liefdesdiens. 'n Amp deur God self ingestel in sy kerk".

### Nie net armversorging

Die diaken staan voor 'n groot en geweldige verantwoordelikheid - veel groter as waarvan ons huidige praktyk en siening blyke gee. Die woorde "barmhartigheidsdiens en liefdesdiens" is nie, en mag ook nie beperk word tot armversorging, die insamel en uitdeel van middele nie.

Die diakenamp was al dikwels onder skoot in die Gereformeerde Kerke. Ten spyte van al die geskryf en gepraat en beredeneringe, bestaan daar nog steeds soveel teenstrydighede ten opsigte van wat die praktiese uitvoering van die barmhartigheidsdiens en liefdesdiens in ons kerke behels. Hierdie feit moet ten ene male aanvaar word, naamlik dat die beginsel duidelik is, maar die praktyk betrap ons nog male sonder tal onklaar. So was dit in die verlede, so is dit tans en so sal dit in die toekoms ook maar wees. Tensy, ja tensy ons 'n daadwerklike poging aanwend om die beginsel so suiwer as moontlik te hou terwyl aan die ander kant gepoog word om die praktyk sover moontlik, indien nie geheel en al nie, in ooreenstemming met die beginsel te bring. Die probleem was en is in baie gevalle dat die beginsel nie in die praktyk uitgebring word nie, en dit sal so bly, indien daar nie in die geloof daadwerklik gepoog word om dit te verander nie. Dit is die reformatoriese weg wat juis nou, in hierdie tydvak, op ons wag. Dit is die taak en plig en roeping van nie alleen die diaken om in hierdie ontredderde lewe in die reformatoriese weg en arbeid te volhard nie, maar ook die plig van die predikant en die ouderling; nie alleen in die plaaslike kerk nie maar ook in die kerkverband.

Ons leef in 'n veranderde en in 'n mate 'n geestelik verarmde wêreld - wie dit nie raaksien nie, wil dit nie raaksien nie. Daarom sal opnuut besin moet word oor die christelike barmhartigheidsbetoning in ons huidige lewensomstandighede.

### Priesters kweek

Dit is die taak en roeping van die diakens, wat die Here self aan hulle oplê, om priesters te kweek. Priesters wat bekend en bewoë sal wees met die materiële en geestelike nood van die medemens. Hierdie priesters sal moet leer om hulle offers te bring uit oorgegewenheid van hart en op hulle eie inisiatief. Aan die huisgenote van die geloof, maar ook aan die ganse gemeenskap, sal die barmhartigheidsdiens, die liefdesdiens bewys moet word.

Nie net die diaken nie, maar ook elke lidmaat van die Gereformeerde Kerke, klein en groot, sal tot die ontdekking gebring moet word, dat daar huidig nie net materiële en ekonomiese nood bestaan nie, maar inderdaad ook vele en diepgrypende geestelike nood en ellende heers. Oor al hierdie ellende moet die kerk van Jesus Christus ook bewoë raak en sy barmhartigheids- en liefdesoffers oor elk van diesulkes uitgiet.

Die tyd het reeds lankal aangebreek dat die diakonale sorg ook toegespits sal moet word op alle vorme van barmhartigheidsdiens. Dit wat in die verlede gesê, geskryf en geredeneer is, kan en mag nie in die vergetelheid verdwyn nie. Laat ons God dank vir 'n amp deur Hom ingestel, en vir manne broeders diakens, wat deur al die jare heen die werk na die beste van hulle vermoë gedoen het. Een ding staan vas en seker: God sal nooit 'n amp, een van slegs drie, wat Hy gewil het, laat verval en verlore gaan nie. Laat ons in al ons swakhede en te midde van al ons gebreke mekaar se hande biddend vat, en vra na sy wil en sterkte. 'n Volmaakte diaken kan en sal daar nooit wees nie - slegs Een kan so wees: Hy wat ons swakhede ken, die volmaakte diaken, wat nog steeds oneindig barmhartigheid bewys, Jesus Christus, ons Here en Leidsman.

Met dank en erkenning aan dr. Piet J. van der Walt vir sy referaat gelewer by 'n Diakonale Konferensie, 1960.

P.S. Steenkamp

★★★★★

*Godsverwarring (3)*

# Die Pilatus-vraag: Wie is die waarheid ?

In die Mei-uitgawe van Waarheid en Dwaling is die saak van die demokratisering van die waarheid aangespreek. Hierdie artikel wil aan die hand van die Skrif stel dat die eerste vraag nie moet wees "Wat is die waarheid?" nie, maar eerder moet lui: "Wie is die waarheid?".

Pilatus het nie hierdie onderskeid geken nie. "Wat is die waarheid?" vra Pilatus as goewerneur (Joh. 18:38). As Romeinse regter het hy alles wat voor hom kom, met 'n knippie sout geneem. Hy staan skepties teenoor enige waarheidsaanspraak. As iemand nog wil beweer dat hy die waarheid het, is dit vir die twyfelsugtige Pilatus te veel.

Die kerke word tans opnuut aangeval oor die feit dat die kerk sê dat hy die waarheid bely. Daar is so baie sektes, en het elke ketter nie maar sy eie (bybelse) letter nie? Daar is so baie interpretasies op die mark, maar kan ons nog met sekerheid sê: ek weet wat die waarheid is? Die waarheid is nie 'n stel reëls wat jy uit jou kop moet ken nie: Die waarheid is ook nie 'n ding wat in die lug hang, waarvan jy moet kennis neem nie. Die waarheid is ook nie in jou eie hart om uit te dink nie.

## Spanning verval

Die Pilatusvraag (Wat is die waarheid?) is inderwaarheid so ironies, selfs tragies. Daar staan die lewende Seun van God, die Waarheid, reg voor Pilatus, maar hy sien Hom nie so raak nie. "Wat is die waarheid?" - terwyl die Waarheid met hom praat. Iemand sal nooit die waarheid ken as hy of sy nie weet Wie die Waarheid is nie. Daarom is dít die toets vir enige waarheidsvraag: Of ek kan sê dat ek die Waarheid ken, omdat God self Hom aan my geopenbaar het deur sy Woord en Gees. Dit sal die spanning laat verval om van die waarheid "oortuig" te word. Om die waarheid te ken, moet jy weet wie dit aan jou gesê het.

Ons mag die waarheid nooit afhanklik van mense maak nie. As ek moet glo omdat die predikant of die ouderling my met argumente oortuig, is daar groot probleme. Selfs die kerk mag nie die grond vir die waarheid wees nie. Nooit mag daar gevra word: wat sê die kerk hieroor of daaroor nie. Om die waarheid van mense (hoe gelowig ookal) afhanklik te maak, is Rooms - dit is immers wat die pous se rol is, om die waarheid gesagvol weer te gee.

Aan die anderkant is daar mense wat weet dat die Bybel die waarheid is, maar dat hulle sukkel om by die waarheid uit te kom, hulle lees teen die "swart letters" vas. Sulke mense meen dat die waarheid eers bewys moet word voordat dit geglo word. Laat God Homself eers aan my bewys dat Hy God is, voordat ek in Hom sal glo.

Die waarheid kan en hoef egter nie bewys te word nie, omdat dit is. Hoe weet ek die waarheid? God openbaar dit. God het sy Seun as bloedgetuie gestuur, die waarheid met sy eie bloed bevestig. Waarheid is dus ten eerste God self. Waarheid is ook kennis van en vanaf God. Dit is 'n vaste sekerheid wat vir ewig so sal bly. As jy God ken omdat Hy Homself deur die Woord en Gees aan jou bekend gestel het, het jy die waarheid. Die waarheid is dus God, sy wette en dit is die skepping wat gehoorsaam is aan daardie wette.

## Luister na my stem

Dit is uiters belangrik vir die kerke om volle sekerheid te hê oor die vraag wie uit die waarheid is. God sê self: "Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem". Elkeen wat dus nie uit die waarheid is nie, luister nie na God se stem nie. Die huidige vraag oor die waarheid hang dus nou saam met die volgende: Weet ons wanneer God met ons praat? Twyfel hieroor het uiterste gevolge. Want as God nie praat nie, hoe kan ons gehoor gee? Kan daar inderdaad dan nog sprake van die waarheid wees?

Dit is dus uiters belangrik in die kerke om noulettend te wees oor wat aangaande die Skrif gesê word (soms selfs onbewoorde standpunte). Hier gaan alle paaie uiteen. Iemand wat bely dat God deur sy Woord, die Bybel, spreek, tree anders op in die "waarheidsdebat" as iemand wat meen dat die Bybel menslike "waarhede" oor God is wat weer geïnterpreteer moet word. Vir laasgenoemde is die Bybel slegs maar 'n rigtingwyser na die waarheid.

Daar kan nie genoeg beklemtoon word wat 'n suiwer Skrifbeskouing vir die belydenis oor die waarheid in die GKSA inhou nie. "Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem". Weet ons hoe klink God se stem, of begin die demokratiese gedruis oor die waarheid ons ore vir die stem van God toestop? Wie ore het moet na die Gees van God luister, en nie na mense nie.

A.L.A. Buys

★★★★★

# Die Katolisiteit van die Kerk

Volgens Sapa-Reuter het die Vatikaan in Mei 1995 'n verklaring uitgereik, MEDEonderteken deur sekere protestantse kerke waarin vir 'n groter sigbare eenheidsdemonstrasie vir die nuwe millennium gepleit word. Daar word ook 'n groot ekumeniese byeenkoms beplan in Graz vanaf 23-29 Junie 1997. Hierdie neiging tot ekumeniese samewerking met die Rooms-Katolieke kerk gaan waarskynlik ook in Suid-Afrika uitslaan. Daarom plaas "Waarheid en Dwaling" 'n uittreksel uit prof. L. Floor se artikel: "Die hervorming: geen verhuising maar opruiming" (IBC. nr. 107, p3-6):

## Die terugkeer tot die Bybel

Die hervorming sowel in sy Duitse Lutherse vorm as in sy Franse Calvinistiese vorm was 'n terugkeer na die Bybel. Die Woord van God word weer sentraal gestel in die erediens en in die lewe van elke dag.

Wanneer ons met name let op die hervorming soos Calvyn dit gebring het, dan moet ons sê: die reformasie was nie 'n verhuising nie, maar dit was alleen 'n skoonmaak, 'n opruiming. Die stof van die Roomse tradisie is van die Bybel afgevee. 'n Onbybelse sakramentsleer waaronder die leer van die Heilige Gees bedolwe was, is verwyder. Die kerk van Jesus Christus, die Katolieke kerk soos hy in die eerste eeue na Christus was, het weer te voorskyn gekom.

Al het daar 'n verwisseling van geboue plaasgevind, die wesentlike van die Hervorming was 'n skoonmaak.

Die kerk wat uit die Hervorming te voorskyn gekom het, is die Hervormde of Gereformeerde kerk, maar dan moet ons tog altyd onthou dat dit die Katolieke Kerk is wat Gereformeerd of Hervormd geword het.

## Gereformeerd Katoliek

Die Gereformeerde kerk is die Katolieke kerk in haar Gereformeerde gestalte. Ons is nie Rooms-Katoliek nie, maar ons is Gereformeerd of Hervormd Katoliek. Maar ons is Katoliek. Dit vergeet ons maar te dikwels. Ons bely mos in ons Apostoliese Geloofsbelydenis: "Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk". Algemeen of katoliek.

Die kerk van Jesus Christus is Katoliek.

Dit was juis die kenmerkende van die Franse Reformasie dat die begrip Katoliek weer in al sy skoonheid en heerlikheid gaan skitter. Calvyn het nooit moeg geword om telkens daarop te wys: ons is nie 'n nuwe kerk nie, ons het nie verhuis nie, ons is nog altyd, ons is weer die Katolieke kerk. Hier lê ook die oorsaak dat die Reformasie die oudkerklike dogma aanvaar het en dat dit in die prediking en die teologie weer gefunksioneer het.

Deur die Hervorming, deur die skoonmaak het die Katolieke karakter van die kerk weer gaan blink in al sy luister en in sy stralende skoonheid.

A.A. van Ruler het daarop gewys dat dit ook geld vir die Gereformeerde teologie. Die Gereformeerde teologie is volgens Van Ruler 'n moment in die tradisie van die "catholica", is daarom die mees ekumeniese vorm van Christendom en is daarom die beste in staat om die kerk vir verstarring of rewolusie te bewaar.

Deur terugkeer tot die Woord van God het die kerk van die Hervorming die katolieke karakter weer gaan vertoon.

## Die Katolisiteit van die kerk

Die woord Katoliek is een van die kenmerkende eienskappe van die Gereformeerde of Hervormde kerk. Hierdie uitdrukking is bekend uit die Apostoliese Geloofsbelydenis.

Eintlik is hierdie woord oorgeneem uit die Oosterse, Grieksssprekende deel van die kerk. In ongeveer 350 n.C. het biskop Cyrillus van Jerusalem al die betekenis van hierdie woord Katoliek aan sy katkisante verduidelik. Dis waarskynlik dat biskop Cyrillus aansluit by biskop Ignatius van Antiochië wat in sy bekende Brief aan die gemeente van Smyrna die beroemde reël geskryf het: "Oral waar die biskop optree, daar moet die menigte wees, soos oral waar Christus Jesus is, daar is die katolieke kerk". Ignatius bedoel katoliek hier in geografiese betekenis. Die Katolieke kerk is die kerk oor die gehele bewoonde wêreld.

Naas die geografiese betekenis van die woord Katoliek vind ons in die oudheid al spoedig ook 'n meer kwalitatiewe betekenis. Ons lees dit byvoorbeeld in 'n brief van die kerkvader Augustinus aan Vincentius van Cartenna waarin "Katoliek" nie aangedui word as die geheel van die bewoonde wêreld nie, maar as die geheel van die openbaring.

## Cyrillus

Baie sterker en omvattender beskrywe biskop Cyrillus van Jerusalem die begrip "Katoliek". Hy gee aan hierdie woord verskillende betekenisse.

Eers kom hy met die kwantitatiewe betekenis. "Die kerk is Katoliek, omdat sy oor die gehele aarde bestaan." Maar al spoedig voer hy die kwalitatiewe betekenis in met die woorde: "Die kerk is Katoliek, omdat sy alles leer wat nodig is vir die mense om gered te word." Cyrillus brei dan nog verder op die betekenis van hierdie begrip uit met sy opmerking: "Die kerk is ook Katoliek omdat sy alle soorte van sondes wat deur liggaam en siel bedryf word, geheel (letterlik staan daar: op 'n katolieke wyse) genees."

"Katoliek" het dus volgens die biskop van Jerusalem die betekenis van: die volle waarheid vir die gehele mens. 'n Katolieke kerk is dus 'n kerk wat die volle raad van God tot verlossing van die mens in allesomvattende verbande verkondig.

In die Middeleeue kry ons 'n meer verengde betekenis van die woord Katoliek. Dan val die nadruk veral op die geografiese betekenis. Die Roomse Kerk is katoliek, want hy is oral in die bewoonde wêreld teenwoordig.

## Hervorming

By die Hervorming van die kerk in die 16e eeu kom die woord "Katoliek" weer meer na vore en kry dit ook 'n nuwe konnotasie. Ons weet uit die geskrifte van Luther dat hy nie so baie van hierdie woord gehou het nie. Dit was vir hom te veel 'n besmette term. Luther was van oordeel dat die woord "Katoliek" te veel verbind was aan die Roomse siening van die aardrykskundige betekenis van hierdie woord. Calvyn was egter nie bang om die woord "Katoliek" vir die kerk te gebruik nie. Luther het die woord "Katoliek" uit die Apostoliese Geloofsbelydenis geskrap en dit vervang deur "Christelik". Maar Calvyn gebruik sowel in sy Kategismus van Geneve asook in sy Institusie die woord "Katoliek" met die onsigbare kerk as die gemeenskap van die uitverkorenes. Calvyn het wel die geografiese uitgebreidheid van die kerk in gedagte, maar, dan altyd as keersy van die onsigbare kerk, die gemeenskap van die uitverkorenes, waarvan Christus die Hoof is.

Calvyn het met sy Hervorming van die kerk die Katolieke karakter van die kerk op die oog gehad. Katoliek in die betekenis wat Cyrillus van Jerusalem ook al daaraan gegee het. Dit blyk uit verskillende dinge.

Ten eerste het Calvyn weer teruggegryp agter die Roomse kerk na die kerk van die eerste eeue. Hy het immers sterk daarvoor gepleit dat die Gereformeerde of Hervormde kerk die ou belydenisse, die katolieke of ekumeniese simbole moes oorneem, erken en aanvaar as die belydenis van die kerk. Dit gaan by Calvyn dus om die gemeenskap met die kerk van alle eeue.

Ten tweede het Calvyn - en dit was ook 'n Katolieke daad - die ouderling, die presbiter weer na vore geskuif en in ere herstel. Iemand het gesê: Calvyn het op die skaakbord van die stryd met Rome die pous skaakmat gesit met die pion van die ouderling.

Ten derde het Calvyn weer die gehele Bybel in die middelpunt geplaas in sy preke, sy kommentare, sy korrespondensie.

En ten vierde het Calvyn die gehele mens op die oog gehad, die mens na liggaam en siel wat geskape is tot lof van God en wat moet lewe tot eer van sy Skepper. Calvyn het raakgesien wat O. Noordmans so treffend oor die kerk tot uitdrukking bring: "De kerk heeft tweërlei taak: prediking en ordening van het leven met het oog op de eeuwigheid. Uit deze beide bestaat de ware catholiciteit. De Gereformeerden hebben dit beter verstaan dan de Luthersen."

## Opruiming

Daarom was die Hervorming nie 'n verhuising nie. Dit was veeleer 'n groot skoonmaak, 'n opruiming. Die stof van baie eeue is deur die Hervormers van die Bybel afgevee. Die Woord van God is in al sy omvattendheid, in sy Katolisiteit weer aan die mens in sy totale verdorwenheid verkondig.

Daarom is die Gereformeerde of Hervormde kerk die Katolieke kerk in sy gereformeerde gestalte.

Die Gereformeerde kerk is Katoliek omdat haar Here en Hoof 'n Katolieke, 'n volledige, 'n volkome Saligmaker is.

Die Gereformeerde of Hervormde kerk is Katoliek omdat die mens 'n Katolieke, 'n volledige sondaar is.

Die Gereformeerde of Hervormde kerk is Katoliek omdat die verlossing die gehele lewe van die mens omspan.

Dit het Calvyn raakgesien. Dit was die magtige greep van Calvyn dat die mens wat totaal verdorwe is, deur die totale verlossingswerk van Christus gered kan word en dat die verloste mens totaal, volledig in die diens van God opgeneem word.

Daarom was Calvyn by uitstek 'n Katolieke hervormer. Ook in hierdie betekenis dat hy die kerk gesien het as die kerk vir alle volke in alle lande. Daarom het hy ook so kragtig die Reformasie in ander lande soos Skotland en Nederland bevorder.

Daarom het hy ook die lig van die Woord van God laat skyn oor die staatkundige en maatskaplike lewe.

Daarom het Calvyn hom uitgespreek oor kapitaal en rente.

Daarom het Calvyn vir 'n skool van wetenskap geywer en kon in 1559 die beroemde Akademie te Geneve gestig word. Calvyn was by uitstek 'n Katolieke hervormer toe hy die Katolieke karakter van die kerk beklemtoon het, en die begrip Katoliek verbind het met die kerk as die liggaam van Christus, die liggaam onder die een hoof Christus.

Calvyn het hier 'n Bybelse greep gedoen waarvan ons die gevolgtrekkinge eers nou goed begin te verstaan. Die nuwere eksegese, die hedendaagse Skrifverklaring is daar om dit te bewys.

Prof. L. Floor

(In die Julie-uitgawe sal ons D.V. die laaste deel van hierdie artikel plaas - Red.)

★★★★★

*Jesus en die Psalms (6)*

# SALIG IS DIE SAGMOEDIGES

**Ps. 37:11 "Die ootmoediges sal die aarde besit..."**
**Mt. 5:5 "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe"**

Dit was 'n pragtige dag teen 'n berghang naby die See van Galilea. Jesus vertel van die lelies van die veld en van die voëls van die hemel (Mt. 5:26, 28). Hy is met sy beroemde bergpredikasie besig. Aan sy voete sit 'n skare van mense. Hulle soek troos in hulle droefheid. Hulle verlang na uitkoms in hulle daaglikse nood. Hulle begeer redding in 'n wêreld van spanning. Hulle vra na oplossings in hulle probleme.

Jesus begin sy preek met dieselfde woord waarmee die psalms begin: "Salig..." of "welgeluksalig..." (Psalm 1). Die begin van Jesus se preek en die begin van die psalms is letterlik eenders.

Groep na groep word die lydendes aangespreek. Helder hoor hulle die heerlike beloftes van geluk:
"Salig is die wat arm van gees is...
salig is die wat treur...
salig is die sagmoediges...
salig is die wat honger en dors na die geregtigheid...
salig is die barmhartiges...
salig is die wat rein van hart is...
salig is die vredemakers...
salig is die wat vervolg word...

Uit die skatkamers van die Ou Testament bring Jesus elkeen van hierdie ryk beloftes na vore. Hy stal hulle opnuut uit. Met die "armes van gees" herinner Hy hulle aan Ps. 34:19: "Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees". Met die treurendes gee hy weer die waarheid van Jesaja 40:1 "Troos, troos, my volk..." Die belofte aan die sagmoediges kom uit Ps. 37:11. Met die hongeriges en dorstiges bring hy weer die belofte van Jesaja 55:1: "O almal wat dors het, kom na die waters..." In Ps. 24:4 lees ons van hulle wat "rein van hande en suiwer hart is". God se seën aan die vredemakers word in ten minste veertien psalms beloof, o.a. Pss. 29:11, 34:15, 55:19, 85:9 en 119:165.

Die belofte van saligheid aan die sagmoediges gaan haal Jesus uit Ps. 37:11. Daar lees ons dat die ootmoediges of sagmoediges die aarde sal besit.

Soos die armes van gees en die treurendes, is die sagmoediges ook mense wat in hierdie wêreld swaarkry. Hulle verduur lyding, selfs vervolging. Die sagmoediges is egter mense wat hulle leed op 'n besondere manier verdra. Hulle baklei nie. Hulle wreek hulleself nie oor onreg nie. Hulle veg nie met die wapens van die wêreld nie. Midde in 'n bose wêreld vertoon hulle 'n hemelse styl. Ons sien die lewe van Jesus Christus in hulle raak. En daarom is hulle salig.

Die belofte is oorweldigend: Ps. 37:11 sê dat hulle die aarde sal besit. Jesus sê dieselfde met die gedagte dat die aarde hulle erfenis sal wees.

Hier sien ons die aangrypende waarheid: Die Koninkryk van die hemele (vers 3) is nie slegs 'n hemelse en geestelike erfenis nie, maar juis ook 'n aardse! Per slot van rekening gaan die stryd tussen Christus en die satan oor die besit van die aarde (Mt. 4:8).

Wie sal uiteindelik die besitters van die aarde wees? Die rewolusionêre magte? Die aardse konings, heersers en vorste? Nee, die lyn word deurgetrek na die Nuwe Jerusalem wat op die aarde sal neerdaal (Op. 21).

Jy, kind van God, kyk dus na jou lewensstyl. Kyk na jou erfenis in Jesus Christus. Selfs hier op aarde te midde van die grootste leed en stryd en swaarkry, beleef jy reeds iets van jou Heiland se saligheid wat Hy vir jou aan die kruis verwerf het.

Wag op die Heer in lydsaamheid,
wees traag tot toorn: Hy ken sy tyd.
Kwaaddoeners stort in hul verderf;
wie God verwag, sal alles erf.

'n Rukkie nog, en kyk dan weer -
die goddelose's daar nie meer!
Sagmoediges sal alles erf
en vrede sonder eind' verwerf. (Ps. 37:5, 6 berymd)

Sagmoediges - dit is hulle wat as hy op die een wang deur 'n slegte mens geslaan word, ook die ander een na hom toe draai. Slaan maar verder... (Mt. 5:39). 'n Swakkeling? Nee, sterk in sy Heiland Jesus Christus! Bo-menslik sterk. Hy sal die aarde besit.

Dr. V.E. D'Assonville.

★★★★★

*Boekresensie*

# Die Bybel in Praktyk: 'n Onbetroubare Gids

**In: Kerk en Woord, April 1995, 43e Jaargang nr. 4**

As 'n mens in 'n christelike boekwinkel rondkyk, dan is dit opvallend hoeveel studiebybels daar in Engels beskikbaar is. Jy kry The Life Application Bible, The Amplified Bible, The NIV Study Bible, The Disciple's Study Bible en nog baie ander. Jare lank was daar nie so 'n uitgawe in Afrikaans beskikbaar nie, maar nou het "Die Bybel in praktyk" verskyn: dit is die Bybelvertaling van 1983 met verklarende aantekeninge, alles in een band.

Die verskyning van hierdie boek is 'n belangrike gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse kerklike en teologiese konteks. Behalwe dat dit 'n geweldige

groot onderneming is om 'n Bybel met verklarende aantekeninge te laat verskyn, beteken 'Die Bybel in praktyk' ook 'n weerspieëling van die huidige teologiese stand van sake in ons land.

'n Mens kan verwag dat die eksegese en die teologie wat in hierdie boek na vore kom, oor vele jare 'n uitwerking gaan hê op die denke van Afrikaanssprekende christene.

Dit is derhalwe belangrik om kennis te neem van 'Die Bybel in praktyk' en dit deeglik te toets. Is dit 'n boek wat 'n mens jou kinders met vertroue in die hand kan gee? Of moet ons in navolging van ds. Christo Helberg (Kompas, Okt. 1994) ernstige bedenkinge daarteen uitspreek?

## Voorste teoloë

Kom ons luister eers na wat die uitgewer self oor 'Die Bybel in praktyk' te sê het. Volgens die voorwoord wil die boek wetenskaplike gehalte verenig met praktykgerigtheid.

Die uitgewer skryf: "Hierdie is 'n wetenskaplik verantwoorde werk, saamgestel deur 'n paneel van ons voorste teoloë volgens die jongste Bybeluitlegmetodes." As 'n mens kyk na die 'voorste teoloë', wat 'n bydrae gelewer het, is dit opvallend dat daar sprake is van samewerking tussen teoloë van verskillende agtergronde.

Daar is drie teoloë van UNISA, vyf van die Universiteit van Pretoria, drie van Potchefstroom en een van RAU. Nog sonder dat 'n mens 'n woord gelees het, wonder jy dadelik hoe dit moontlik is dat 'n moderne teoloog soos Jasper Burden van UNISA en 'n gereformeerde teoloog soos Fika van Rensburg aan een en dieselfde projek kan werk.

En as daar gepraat word van 'die jongste Bybeluitlegmetodes', dan is daar ook vrae wat opkom. Wat behels hierdie metodes? Is dit metodes wat vergelykbaar is met die wat in die Sinodale Gereformeerde Kerke in Nederland soveel verwoesting gesaai het? Of is dit darem nie so erg nie? En kan 'n mens nou die gevolgtrekking maak dat in Potchefstroom dieselfde eksegetiese tegnieke gebruik word as by UNISA? Ons hoop nie so nie!

Dit is onmoontlik om in die bestek van hierdie artikel 'n omvattende bespreking te gee van 'n massiewe boek soos 'Die Bybel in praktyk'. Ons kies vier Bybelboeke wat elkeen deur 'n ander teoloog verklaar word. Dit behoort 'n indruk te gee van die teologiese rigting van die boek.

## Genesis

Die aantekeninge by die boek Genesis is versorg deur prof. Vosloo van die Universiteit van Pretoria. Dit is oor die algemeen baie duidelik, oorsigtelik en insiggewend. Maar watter teologie kom daarin na vore? 'n Mens is natuurlik nuuskierig na sy aantekeninge by Genesis 1 tot 3. Wat skepping en evolusie aanbetref is prof Vosloo redelik versigtig.

Syns insiens gaan dit in Gen. 1-3 daaroor dat God alles geskape het, maar nie hoe Hy dit presies gedoen het nie. "Die Bybelse weergawe van die ontstaan van alles gaan dus nie in die eerste plek om die skeppingsproses nie, maar om die oorsprong van alles." (bl. 7).

Duideliker word dit wanneer dit gaan oor die vorm en opbou van Genesis 2 en 3 (bl. 10). Prof. Vosloo beklemtoon dat Genesis 2 en 3 'n verhaal is waarin van sekere verhaaltegnieke gebruik gemaak word en sy konklusie is dan: "Omdat die verhaaltegnieke gevolg word, moet ons versigtig wees om nie alles letterlik te verstaan nie. Byvoorbeeld, die feit dat die slang in die verhaal praat, beteken nou nie dat daar 'n tyd was toe diere soos mense gepraat het nie."

Dieselfde benadering kom na vore wanneer dit gaan oor die vraag vir watter mense Kain bang was. Was dit kinders van Adam en Eva? Of was daar ander mense op aarde? Prof. Vosloo skryf dan dat ons die Bybel nie moet sien as 'n handboek vir geskiedenis nie. Daar is 'n bedoeling van die Bybelskrywer wat "in die kleed van 'n verhaal gegiet" is.

Hierdie benadering is die tipiese moderne benadering van die Bybel waarin gestel word dat die Bybel nie geskiedenis bevat nie maar 'verhale' met sekere bedoelings. En daarmee verloor die Bybel dan sy betroubaarheid. Want in die praktyk beteken dit dat daar nie rêrig 'n slang was wat gepraat het nie, maar dat die sprekende slang slegs 'n vorm van verteltegniek is van die skrywer van Genesis.

## Psalms

Prof. Jasper Burden (UNISA) is verantwoordelik vir die aantekeninge by die Psalms. Ook hier is daar hoogstaande kommentaar gelewer en insiggewende oorsigte oor die inhoud van die psalms. Maar ook hier is die groot vraag: watter teologie kom na vore?

'n Mens is byvoorbeeld nuuskierig na die interpretasie van die sogenaamde messiaanse Psalms. Prof Burden bespreek hierdie kwessie o.a. by Psalm 2 (bl. 756) en Psalm 110 (bl. 854). Hy beklemtoon baie sterk dat 'n mens die Ou Testament "in sy eie reg" moet lees (d.w.s. los van die Nuwe Testament) want, so skryf hy letterlik: "Die idee van 'n messias was 'n nuwe gedagte in die tyd van die Nuwe Testament."

Kan jy dit glo! Asof die Skrif nie self vir ons leer dat al die profete verkondig het dat die Christus moes ly nie (Hand. 3:18). Hier is basies weggedoen met die eenheid van die Skrif. Hier is weggedoen met die gereformeerde uitgangspunt dat die Heilige Gees by monde van die vaders en die profete gespreek het oor die koms van die Messias (vgl Hebr 1).

Al wat by prof. Burden oorbly is "vermeende verwysings na Christus" (bl 854) en 'n waarskuwing vir die leser t.o.v. hierdie 'vermeende' messiaanse motiewe: "Onthou dit was 'n interpretasie van die eerste Christene na die dood van Christus." (bl. 854, kursief gedruk)

Dit is nogal 'n verskil of 'n mens glo dat die messiaanse motiewe in die Psalms deur die Here self daarin gelê is of dat dit agteraf deur Christene daarin gelees is! Die Nuwe Testament is baie duidelik hieroor. Die Here Jesus het uitdruklik gesê dat die Skrifte van Hom getuig (Joh. 5:39). En Petrus sê oor die Christus: "Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang." (Hand. 10:43)

Nee wat, as ons kan praat van 'die eie reg' van die Ou Testament, dan is dit die reg om gelees te word as 'n produk van dieselfde outeur wat ook die Nuwe Testament geskryf het, naamlik die Heilige Gees.

## Lukas

Prof. Isak du Plessis (UNISA) het die kommentaar by die boek Lukas geskryf. Ook hier kan 'n mens as positiewe punt noem dat daar baie insiggewende aantekeninge is. Verder is 'n mens ook dankbaar dat 'n saak soos die maagdelike geboorte van Christus nie deur die skrywer bevraagteken word nie (bl. 1508).

My vernaamste beswaar teen die aantekeninge van prof. Du Plessis is dat die praktykgerigtheid hier verregaande is. As dit byvoorbeeld gaan oor Maria wat van die engel Gabriël die boodskap ontvang dat sy die moeder van die Verlosser sal wees, word dit as volg toegepas: Maria was jonk, arm en onbelangrik. Tog het God haar gekies vir 'n groot taak. Jy voel dalk asof jou omstandighede jou ongeskik maak vir die diens aan God. Moenie wanhoop nie. God kan jou gebruik as jy net op Hom vertrou (bl. 1507). Ek meen dat hierdie soort 'toepassings' so ondiep en gemaklik is dat dit die Skrif oneer aandoen en die leser op die verkeerde spoor bring.

Praktykgerigtheid is op sigself nie 'n verkeerde ding nie, maar daar bestaan 'n gevaar dat ons praktyk (ons konteks) op die ou end sal bepaal watter aspekte van die evangelie vir ons belangrik is en watter aspekte nie.

Daar is nog 'n gevaar, en dit kom 'n mens agter namate jy die verklarings deurlees; omdat die verklaarder by elke vers kies wat belangrik is, is hierdie tipe verklaring eintlik baie paternalisties: Die verklaarder besluit vir die leser wat vir hom belangrik is en wat nie! Dit ontneem die leser die moontlikheid om vir homself te dink en miskien 'n ander interpretasie te kies as wat die verklaarder voorstel.

## Efesiërs

Prof. Fika van Rensburg (PU vir CHO) het onder andere die verklarende aantekeninge by die brief aan die Efesiërs geskryf. Positief is die pastorale toon wat in die aantekeninge na vore kom. Van Rensburg probeer altyd om die leser te bemoedig en hom daarvan te oortuig dat God 'n God van genade is.
Ook hier is dit egter opvallend dat daar in die aantekeninge as't ware 'n eensydige voorkeur bestaan vir die aspekte uit die teks wat onmiddellik toepasbaar is op ons menslike omstandighede. Slegs een voorbeeld: Na aanleiding van hoofstuk 1:3 ('aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is") dan word by hierdie vers slegs die tweede deel van die vers bespreek (m.b.t. die seëninge wat ons ontvang); daar word geen aandag gegee aan die eerste deel van die teks nie (waar daar staan dat God al die lof toekom).

Ook hier het die praktykgerigtheid van die verklaring eerder 'n sif geword vir die deurgee van die evangelie as 'n hulpmiddel by die verstaan daarvan.

'n Ander ding wat opval by prof Van Rensburg se aantekeninge is sy gemaklike toepassing van woorde wat Paulus aan die gemeente van Efese skryf op enigiemand wat hierdie woorde lees. By hoofstuk 1:5 ("In sy liefde het Hy ons daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees") skrywe Van Rensburg, die leser regstreeks aan: "God het jou sy kind gemaak."

Met wie praat Van Rensburg hier? Slegs met Christene? Of met enigiemand wat dit lees? Myns insiens behoort 'n mens dit nie so gemaklik-populêr te stel nie. Paulus skryf nie aan enige willekeurige leser nie, maar aan mense wat hulle geloof in Christus bely het. Hy skrywe aan mense wat voor die grondlegging van die wêreld uitverkies is om kinders van God te wees. Dit behoort in verklarende aantekeninge ook na vore gebring te word sodat dit duidelik is dat 'n mens God se liefde slegs deur Jesus Christus deelagtig kan word.

## Beoordeling

As ek my beoordeling van "Die Bybel in praktyk" moet opsom kan ek aansluit by die twee punte wat die uitgewer noem as die uitstaande kenmerke van die boek.

Eerstens: wetenskaplike gehalte ja, maar ongelukkig het moderne teologie, al is dit dikwels in bedekte vorm, sy stempel op die verklaring afgedruk.

Tweedens: praktykgerig ja, maar ongelukkig lei die praktykgerigtheid van die verklaring dikwels tot 'n eensydige benadering van die teks en beteken dit prakties dat daar 'n keuse gemaak is uit (en dus 'n beperking gestel is op) die ryke inhoud van die teks.

Ek wil nie afsluit sonder om 'n alternatief aan te beveel nie. As daar van die lesers is wat miskien 'n goeie studiebybel met verklarende aantekeninge soek, kan ek The NIV Study Bible aanbeveel. Ek self gebruik hierdie studiebybel reeds enkele jare en met veel vrug. Die boek is net so aantreklik en modern as 'Die Bybel in praktyk', maar in teologiese opsig werklik betroubaar. Die aantekeninge is nie oordrewe praktykgerig nie, maar gerig op stimulering van studie en nadenke. Vir diegene van ons wat Engels gemaklik lees, is dit beslis 'n waardevolle aankoop. Gee dit byvoorbeeld vir u seun of dogter wat universiteit of kollege toe gaan!

Ds. A.J. de Visser

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..........................................

Adres: ..........................................

..........................................

..........................................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig) Poskode: ..........

Vrywillige Donasie: ..........................................

Datum: .......................... Handtekening: ..........................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS